**14 Junie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 40:1-11**
**Fokusgedeelte: Jesaja 40:8**

## Die Woord van God bly vir ewig!

Stel jouself voor hoe uitdagend moet dit wees om 70 jaar weg van jou land – en in jou oë: van jou God – te wees! Dink aan jou behoefte aan goeie nuus, aan iemand om jou in jou moedeloosheid op te beur, aan iemand om jou weer heel te maak. In sulke tye beleef jy hoe nietig en verganklik jy is. Net soos gras wat uitgedroog is … En wat meer is, dit is alles jou eie skuld! Jy verdien om daar te wees waar jy is!

God gee egter hoop. Hy troos jou met sy ewige Woord: as deel van sy gemeente sien jy hoe die Koning, die Verlosser, kom om jou te red! Die verlossing en vergewing het gekom!

Dit alles begin met die aankondiging van sy Verlossingswoord as die gelyk- en gereedmaker vir sy koms na sy gemeente. Soos met Jesaja en Johannes die Doper, word sy ewige Woord ’n Woord om mense wat net op hulleself vertrou, klein te maak, maar om stukkende mense met sy reddende koms op te beur en heel te maak.

Die Here is as Koning en Wenner na sy gemeente op pad met ’n duidelike en onveranderlike boodskap! Jou Koning en Redder het gekom om jou te red! Hy is hier by jou! Hy, die Gekruisigde en Opgestane Here!

Skep moed en volg Hom – ook in jou daaglikse aktiwiteite!

*Skrifberyming 14-2*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*